

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD	12
DATUM	MEI/JUNIE 2026
VAK	AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
VRAESTEL	1
PUNTETOTAAL	80
TYDSDUUR (UUR)	2
AANTAL BLADSYE	11



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE	
VERGADERINGSDATUM	
UMALUSI-MODERATOR	
HOOFNASIENER	
INTERNE MODERATOR	



AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Penaliserings geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. **GEEN** punt word toegeken vir:
 - **JA/NEE;**
 - **EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE;**
 - **WAAR/ONWAAR** en
 - **FEIT/MENING** nie.

Kandidate moet nie laasgenoemde te skryf indien die motivering **JA/NEE; EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE** insluit/impliseer nie.

- Antwoorde wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **NIE GEPENALISEER** indien die aanhalingstekens ontbreek **NIE**.
- Waar eenwoord-antwoorde/twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ...
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks, sien **SLEGS** die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e)/punt(e) gevra) na. Indien die feit(e)/punt(e) met kolpunte aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat **NIE GEPENALISEER NIE**. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Vir meervoudigekeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.



AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL EN SPOTPRENT

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

(635 WOORDE)

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DV
1.1.1	matriek/graad 12	(1)	1
1.1.2	red/help	(1)	3
1.2	“vreesloos”	(1)	3
1.3	Limpopo	(1)	2
1.4	Hulle was op/met vakansie.	(1)	2
1.5	Annelize/Elani se ma moes (vir Maroela Media) vertel het wat gebeur het, want sy wou (liewer) yskaats (as om die gebeure oor te vertel.)	(1)	4
1.6	- Dit is gewoonlik ontspanne by die strand/mense bou sandkastele/seesand/speletjies/roomys, MAAR toe is daar skielik ’n lewensgevaarlike situasie/ontstellende situasie (want iemand is besig om te verdrink). - Mense baljaar/swem gewoonlik lekker in die blou see, MAAR skielik was iemand besig om te verdrink/het iemand amper verdrink. - Die ontspanne atmosfeer wat mens op ’n strand verwag het, het in ’n lewensgevaarlike, spanningsvolle situasie verander. - Mense gaan strand toe om vakansie te hou/te ontspan/hulself te geniet/vermaak vir kinders te bied en verwag nie om ’n traumatiese ervaring te ervaar nie. (Enige EEN of soortgelyk. BEIDE kante van die ironie moet gestel word vir twee punte.)	(2)	3
1.7	vinnig	(1)	3
1.8	Elani: - moes vinnig optree. - kon nie langer wag nie. - kon nie tyd mors nie. - kon nie eers haar klere uittrek/swemklere aantrek nie. - moes onmiddellik iets doen. - het nie tyd gehad om (eers) haar denim uit te trek nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.9	lemand wat besig is om te verdrink/gaan verdrink.	(1)	3



1.10.1	Figuurlik	(1)	3
1.10.2	Elani swem so goed soos 'n vis in die water/is so gemaklik in die water soos 'n vis/soos wat sy op land is/is 'n goeie swemmer. (Of soortgelyk) (Vraag 1.10.1 en 10.1.2 is interafhanklik.)	(1)	3
1.11.1	B/Koeberg-kragstasie	(1)	2
1.11.2	C/Mpumalanga	(1)	2
1.11.3	A/Ellisras	(1)	2
1.11.4	E/Bloubergstrand	(1)	2
1.12	Bus	(1)	1
1.13.1	Hy het met sy hande gewaai.	(1)	3
1.13.2	Mense het gedink hy maak 'n grap/hy speel.	(1)	3
1.14	Sy het Mabelane (aan sy arms) uit die see getrek.	(1)	2
1.15	D/hulpeloos	(1)	3
1.16	Ja - Dit is gevaarlik. - Niemand is daar om jou te help as jy hulp nodig het nie. OF Nee - Lewensredders kan jou help. - Mense soos Elani kan jou help as jy hulp nodig het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.17	Elani kan 'n dokter/sielkundige/terapeut/prokureur/'n vrywillige werker/onderwyser word. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
TEKS B: SPOTPRENT			
1.18	Daar is ... 'n wasbak. - sout en peper (potte). 'n kombuistafel. 'n ma wat skottelgoed/borde was. - potte/panne. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2



1.19	Die baba ... • dra 'n doek/doekspeld. • suig 'n fopspeen. • is kleiner as die ander kinders. • hou sy/haar sussie se hand vas. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
1.20	Ma is veronderstel om spesiaal te voel/bederf te word/te rus/nie te werk nie/nie skottelgoed te was nie/bedien te word/uitgeneem te word vir ete/na 'n restaurant toe te gaan (op Moedersdag), MAAR sy doen wat sy altyd/gewoonlik doen/doen al die werk/sy was skottelgoed/was skottelgoed/werk/die kinders verwag sy moet kos maak/sy moet nog steeds vir almal/die troeteldiere sorg/maar sy doen wat sy elke dag doen.	(2)	4
1.21	Twee/2	(1)	2
1.22	opgewonde/gelukkig/bly/trots	(1)	3
TOTAAL AFDELING A:			[30]

OPSOMMING: KOGNITIEWE VLAKKE / DENKVLAKKE: VRAAG 1

	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
VRAESTEL	2	10	12	6	0
	12/30		12/30	6/30	
	40%		40%	20%	
NORM	12/30		12/30	6/30	



AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

ASSESSERINGSRIGLYNE

ALGEMEEN

NASIEN VAN OPSOMMING

Die punteverspreiding word soos volg gedoen:

- Puntetoekenning:
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
 - 3 punte vir taal
 - Totale punt: 10
- Die verspreiding van punte indien die kandidaat nie net aangehaal het nie:
 - 1–3 feite korrek: 1 punt
 - 4–5 feite korrek: 2 punte
 - 6–7 feite korrek: 3 punte
- Punteverspreiding indien kandidate aangehaal het:
 - 6–7 aanhalings: geen punte
 - 4–5 aanhalings: 1 taalpunt
 - 2–3 aanhalings: 2 taalpunte
 - 1 aanhaling: 3 taalpunte (Indien die kandidaat slegs 1 feit korrek het en daardie feit is aangehaal, is dit geen punte vir die taal nie.)

NEEM KENNIS

- Nasieners moet die aantal woorde tel om dit te verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nie die aantal woorde aangedui, of verkeerd aangedui het nie.
- Indien die aantal woorde oorskry word, sien die nasiener net na tot by 75 woorde en die res word deurgetrek/geïgnoreer.

**WAT MOET EK DOEN OM REGDEUR MY LEWE FIKS TE BLY?**

(265 woorde)

DIREKTE AANHALING

Was jy eens op 'n tyd fiks? Jammer, maar as jy baie minder of glad nie meer oefen nie, verloor jy die aanvanklike voordele, soos kardiovaskulêre fiksheid en uithouvermoë. **Konsekwentheid is die sleutel. Wissel oefeninge af en hou dit interessant** dwarsdeur jou lewe vir die beste gesondheidsvoordele.

1. Wees konsekwent.
2. Jy moet jou oefeninge afwissel./Hou jou oefeninge interessant.

Gaan oefening jou help om maer te word? Nie noodwendig nie. **Eet minder en kombineer dit met oefening.** Maar onthou: As jy baie gewig wil afskud (meer as 5%) en maer wil bly, gaan jy waarskynlik meer as 300 minute per week aktief moet wees. **Kombineer aërobiese oefeninge met weerstandsoefeninge.**

3. Jy moet minder eet en dit met oefening kombineer.
4. Doen aërobiese en weerstandsoefeninge.

Het jy genoeg geoefen as jy heeldag by die werk op jou voete is? As jy heeldag op jou voete is én beweeg, het jy 'n hoë vlak van fisieke aktiwiteit, maar **doen ook daaglikse takies soos om swaar kruideniersware te dra en energieke huis- of tuinwerk.** Verhoog die intensiteit sodat jy 'n bietjie sweet.

5. Jy moet daaglikse takies doen./Dra swaar kruideniersware./Doen energieke huiswerk./Doen energieke tuinwerk.

Jy sê: "Ek is te oud om te oefen." Nie waar nie! Studies wys ouderdom alléén is nie die oorsaak van groot probleme nie – tot jy in jou negentigs is. Krag en spiermassa kan vermeerder word, selfs op 'n gevorderde leeftyd. **Doen aërobiese, balans- en spierversterkingsoefeninge as jy 65 en ouer is.**

6. Doen aërobiese/balans-/spierversterkingsoefeninge.
7. As jy 65 en ouer is, moet jy oefen./moet jy nie dink jy is te oud om te oefen nie.

Mense kla dat hulle nie tyd het om meer as een keer per week te gaan draf nie, maar enige hoeveelheid wat jy **draf**, hou gesondheidsvoordele in. Selfs een keer per week teen 'n pas stadiger as 9,65 km/uur verminder jou risiko vir 'n voortydige dood.

8. Draf.

TOTAAL AFDELING B: [10]



AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde by woordstrukture moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeusevrae.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
3.1	Skottelgoedwasseep/skottelgoedwasmiddel/skottelgoedseep/ skottelgoed-seep	(1)
3.2	MAQ/Maq	(1)
3.3	Mense wat vuil skottelgoed het/wat skottelgoed/borde/messe/vurke ens. moet was./Ma's/Vrouens	(1)
3.4	"Wenner" (aanhalingstekens is nie nodig nie). "2025 Produk van die jaar!"	(2)
3.5	• Die borde en koppies skitter/blink/kan sien die breekware is skoon. • Die woord "WENNER" is vetgedruk. • Daar is 'n uitroepteken!/ ná die woord • Die produk is die beste. • Mense het gestem dat dit die "Produk van die jaar" (is). (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
3.6	Ja, dit beklemtoon dat die seep skoon was/deeglik was/skoonmaak. (Enige EEN of soortgelyk. Nee is nie 'n opsie nie.)	(1)



3.7	Ja • Soms wonder mense watter handelsmerk hulle moet koop, nou sien/weet hulle MAQ is die beste. • Mense wil MAQ koop (want dit is die beste/wenners). OF Nee • Ek gebruik net Sunlight/'n spesifieke handelsmerk. • Ek vertrou nie vreemde/nuwe/ander handelsmerke nie. • Ek was nie skottelgoed nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
3.8	skuimende (sp)	(1)
3.9	Nee • Enige (kruideniers-/Spar/Checkers/spaza-) winkel sal die produk/seep/skottelgoedseep verkoop. • Jy kan dit by enige winkel koop (nie plek nie). • Jy kan dit aanlyn koop. • Almal weet waar om skoonmaakmiddels/skottelgoedseep/seep te koop./ Dit is algemene kennis waar jy dit kan koop. OF Ja • Mense kan wonder waar om die produk te koop. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
		[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT****TEKS E**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
4.1.1	- Die skooldogter het die projek/taak in haar hande. - Die skooldogter gee/oorhandig/hou 'n vierkantige houder/lêer vas. - Die skooldogter sê/se woorde in die spraakborrel: "... hier is my projek ..." - Die onderwyser merk 'n naam af. (Enige TWEE)	(2)
4.1.2	Meester ... - gee vir haar punte/bepunt haar/dui aan dat hy haar taak ontvang het. - luister na haar aanbieding (oor die projek/taak). - merk af dat sy inhandig (en bepunt dan). (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
4.1.3	senuweeagtig	(1)
4.1.4	Die skooldogter ... - frons. - glimlag nie. - is bang sy kry nie goeie punte nie. - is bang haar projek is verkeerd. (Enige EEN of soortgelyk. Vraag 4.1.3 en 4.1.4 is interafhanklik. Die kandidaat moet die dogter se emosie (4.1.3) motiveer.)	(1)
4.2.1	skoolseun (sp)	(1)
4.2.2	- trots - opgewonde (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
4.2.3	D/geïnteresseerd	(1)
4.3	boeglam (sp)	(1)
4.4	uitroepteken (nie slegs ! nie)	(1)
		[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
5.1	TEKS F: ARTIKEL	
5.1.1	eenduisend/duisend (sp)	(1)
5.1.2	uitdaginkie (sp)	(1)
5.1.3	Hy wou probeer om 'n week lank buite te slaap.	(1)
5.1.4	Sy gesin is met vakansie in hul berghut.	(1)
5.1.5	Isaac het nie met 'n dak oor sy kop geslaap nie .	(1)
5.1.6	Dit sal seker vir baie mense 'n bietjie vreemd wees omdat dit nou ons normale roetine is .	(1)
5.1.7	op	(1)
5.1.8	Pa sê dat Isaac regtig geleer het om te volhard.	(1)
5.1.9	vuurwarm (sp)	(1)
5.1.10	spesiale (sp)	(1)
5.1.11	tente (sp)	(1)
5.1.12	langste (sp)	(1)
5.1.13	David Ross het dit in 1980 reggekry .	(1)
5.1.14	byt	(1)
5.2	TEKS G: PRENT	
5.2.1	vriendin (sp)	(1)
5.2.2	rustiger (sp)	(1)
5.2.3	'n Mens se vreugde word deur vriende verdubbel .	(1)
5.2.4	Gesonde vriendskappe bring die beste in jou uit. (woordorde)	(1)
5.2.5	on–der–steun	(1)
5.2.6	Eina (!)	(1)
		[20]
TOTAAL AFDELING C:		[40]
GROOTTOTAAL:		[80]